

# Jesus, die troue Hoëpriester



## SABBATMIDDAG

### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Hebreërs 5:1–10; Genesis 14:18–20; 1 Petrus 2:9; Hebreërs 7:1–3; Hebreërs 7:11–16, 22, 26.*

**Geheeteks:** “Vir ons was so ’n Hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars, en verhoog bo die hemele” (*Hebreërs 7:26, NLV*).

Die kloof wat ontstaan het tussen God en ons was deur sonde veroorsaak. Die probleem was vererger want sonde impliseer dat die menslike natuur ontaard het, korrup geword het. God is heilig, en sonde kan nie voortbestaan in Sy teenwoordigheid nie. Dus, ons gevalle natuur het ons van God geskei, net soos twee magnete wat mekaar afstoot wanneer die pole in ’n verkeerde oriëntasie tot mekaar is. Daarby, maak ons gevalle natuur dit onmoontlik om God se wet te gehoorsaam. Sonde behels ook misverstand. Die gevalle mensdom het perspektief verloor van die liefde en barmhartige genade van God; nou word Hy deur die mens beskou as ’n wraaksugtige en onregverdige tiran.

In hierdie week gaan ons die wonderbaarlike verlossingsplan bestudeer wat die Vader en Jesus voorsien het om daardie kloof te oorbrug. Hebreërs 5 tot 7 bied ’n noukeurige ontleding van Jesus se priesterskap. Die skrywer ontleed die oorsprong en doel van Sy priesterskap (*Heb. 5:1–10*) en vermaan dan die lesers om dit nie ligklik op te neem nie (*Heb. 5:11–6:8*), maar aan die versekering van hoop vas te hou (*Heb. 6:9–20*). Hy verduidelik ook die karaktereenskappe van Sy priesterskap (*Heb. 7:1–10*) en die implikasies daarvan ten opsigte van God se verhouding met die gelowiges (*Heb. 7:11–28*). In hierdie week se lesstudie sal bepaalde klem geplaas word op Hebreërs 5:1–10 en Hebreërs 7:1–28.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 5 Februarie.*

## 'n Priester ten behoeve van mense

**Lees** Hebreërs 5:1–10. Wat is die rol van die priesterdom, en meer spesifiek, van die Hoëpriester? Hoe vervul Jesus daardie rol?

Die basiese doel van 'n priester is om by God vir die mens voorspraak te doen, om as middelaar op te tree tussen die sondige volk en God. Die priesters was deur God aangewys met die doel om te bedien ten behoeve van die mensdom en met dit wat in betrekking tot God staan; daarom moes hulle medelye en 'n begrip vir die menslike swakhede hê (*Heb. 5:1, 2*).

Paulus toon in Hebreërs 5:5–10, dat Jesus daardie doel volmaak vervul: God het aan Hom die waardigheid van Hoëpriester gegee (*Heb. 5:5, 6*); en, ook het Jesus ons verstaan omdat Hy ook gely het (*Heb. 5:7, 8*).

Daar is egter betekenisvolle verskille. Jesus was nie “uit die mense geneem” nie (*Heb. 5:1, OAB*). Jesus het, onder andere, die menslike natuur aangeneem, om vir ons onthalwe te dien as 'n priester. Jesus het nie offerandes geoffer vir Sy eie sondes nie; slegs vir ons sondes (*Heb. 5:3*), want Hy was sonder sonde (*Heb. 4:15, Heb. 7:26–28*).

Hebreërs verklaar dat Jesus gebid het tot Hom “wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is...” (*Heb. 5:7, OAB*). Hebreërs het verwys na die tweede dood, waarvan Jesus deur God teruggebring is toe Hy Hom uit die dood laat opstaan het (*Heb. 13:20*). Hebreërs bevestig ook dat Jesus “gehoorsaamheid geleer het uit wat Hy gely het” (*Heb. 5:8, OAB*). Gehoorsaamheid was iets nuut vir Jesus – nie omrede Hy ongehoorsaam was nie, maar omdat Hy God was. As heerser van die heelal was alles aan Hom onderdanig of gehoorsaam; nie andersom nie.

Jesus se lyding en dood aan die kruis was 'n betekenisvolle deel van Sy priesterlike bediening. Lyding het Jesus nie vervolmaak in die sin dat Hy sedelik of eties moes verbeter nie. Lyding het Hom nie meer genadig laat wees nie; intendeel, Jesus het na hierdie aarde gekom omdat Hy altyd getrou en barmhartig was, en juis daarom dat Hy hom oor ons ontferm het om ons in ons versoekings te help (*Heb. 2:17,18*). Die gedagte wat Hebreërs hier uitwys, is: deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word. Met ander woorde, deur die werklikheid van Jesus se broederlike liefde, die geloofwaardigheid van Sy vleeslike natuur, en die diepte van Sy onderworpenheid aan die wil van die Vader, is Hy waarlik bewys en geopenbaar. Hy was “vervolmaak” in die sin dat Sy lyding Hom bekwaam gemaak het om ons Hoëpriester te wees. Dit was Sy lewe van volmaakte gehoorsaamheid, en toe Sy dood aan die kruis, wat die sondeoffer gevorm het wat Jesus as ons priester, in Sy Vader se teenwoordigheid voorhou.

**1 Petrus 2:9 bevestig dat ons “'n koninklike priesterdom” is. Wat vertel Jesus se lewe ons ten opsigte van ons verhouding met ander mense – veral in die lig van hierdie toegewyde rol van 'n koninklike priesterdom?**

## Volgens die orde van Melgisédek

**Lees** Genesis 14:18–20 en Hebreërs 7:1–3. Wie was Melgisédek, en hoe stel hy Jesus voor?

Melgisédek was beide koning en priester. Hy was ook hoër as Abraham, siende dat Abraham hom 'n tiende gegee het. Insgelyks, is Jesus koning en priester (*Heb. 1:3*); anders as Melgisédek egter, is Jesus sondeloos, “ewig volmaak” (*Heb. 7:26–28*).

Hebreërs 7:15 verduidelik dat Jesus 'n priester was wat “ooreenkom met Melgisédek...” (*NLV*). Dit is waarop die voorgemelde uitdrukking dui in Hebreërs: “volgens die priesterorde van Melgisédek” (*Heb. 5:6, NLV*). Jesus was nie 'n opvolger van Melgisédek nie, maar Sy priesterskap was soortgelyk aan syne.

Paulus meld byvoorbeeld, dat Melgisédek sonder vader, moeder, geslagsregister, geboorte en dood was. Sommige dink dat Melgisédek 'n verpersoonliking van Jesus was in die leeftyd van Abraham. Maar hierdie oorweging pas nie die beredenering van Hebreërs nie. Melgisédek was “gelykgestel” aan Jesus (*vgl die OAB*), wat impliseer dat Hy anders was as Jesus (*Heb. 7:3*).

Melgisédek word deur sommige voorgestel as 'n hemelse wese, maar dit sou die bewering van Hebreërs tot niet maak. As Melgisédek sonder vader, moeder, begin of einde sou wees, sou hy kon dui op Godself. Dit stel ons voor 'n probleem. Melgisédek se hemelse, volle hemelse priesterskap sou die bediening van Jesus vooruitgaan. Indien dit die geval was, “waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes ontstaan” soos Hebreërs dit uitdruk (*Heb. 7:11, OAB*)?

Daarom gebruik Hebreërs die stilswye van die Skrif ten opsigte van Melgisédek se geboorte, dood, en geslagsregister, om 'n tipologie, 'n simbool, vir Jesus se priesterlike bediening daar te stel (*Gen. 14:18–20*) en omrede die feit dat Jesus self ewig is. Kortom, Melgisédek was 'n Kanaänitiese koning-priester wat as 'n tipe van Christus gedien het.

“Dit was Christus wat deur Melgisédek gespreek het, die priester van die Allerhoogste God. Melgisédek was nie Christus nie, maar hy was die stem van God in die wêreld, die ewebeeld van die Vader. En deur die geslagte van die vergange eeue heen, het Christus gespreek; Christus het Sy kinders gelei, en Hy was die Lig van die wêreld.”—Ellen G. White, *Selected Messages*, deel 1, bl. 409.

**Wat leer die openbaring van Melgisédek ons oor hoe God se werk volvoer word tussen diegene wat nog nooit sendelinge ontmoet het wat die evangelie aan hulle verkondig nie?**

## 'n Volmaakte Priester

“Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die Wet van Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Megisédek aangestel moes word en van wie daar nie gesê word dat hy 'n priester volgens die orde van Aäron sou wees nie?” (*Heb. 7:11, NLV*).

Priesters is bemiddelaars tussen God en die mense. Hebreërs noem egter, dat Levitiese priesters nie volmaakte toegang tot God kon bewerkstellig nie, omdat hulle nie ‘volmaaktheid kon bewerk nie’ (*Heb. 7:11, 18, 19*). Alles inagnemende, hulle self was nie volmaak nie; dus, hoe sou hulle enigsins volmaaktheid op ander oordra?

Ook kon die dierofferandes nie die gewete van die sondaar reinig nie. Die doel van die offerandes was om vooruit te wys na die bediening van Jesus en Sy offer, wat alleen ware reiniging van sondes, ewige verlossing, tot stand bring (*Heb. 9:14; Heb. 10:1–3, 10–14*). Die funksie van die Levitiese priesters en hulle offers was tydelik en tekenend. Deur hulle bediening, wou God die mense lei om hulle geloof te vestig in die toekomstige bediening van Jesus, “die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!” (*Joh. 1:29, NLV*).

### **Lees** Hebreërs 7:11–16. **Waarom was dit nodig vir 'n verandering van die wet?**

---

Hebreërs 7:12 verduidelik dat die verandering van die priesterskap noodwendig ook verandering van die wet meebring. Waarom? Want daar was 'n baie streng wet wat verhoed het dat enige persoon wat nie van die bloedlyn van Levi deur Aäron was nie, nie as priester kon dien nie (*Num. 3:10; Num. 16:39, 40*). Hebreërs 7:13, 14 verklaar verder dat Jesus uit die bloedlyn van Juda was, en so sou hierdie wet Hom verhoed het om Sy priesterlike bediening uit te voer. Daarom verduidelik Paulus dat die aanwysing van Jesus as priester, beteken dat God die wet van die priesterskap verander het.

Jesus se koms behels ook 'n verandering in die wetvoorskrifte van offerandes. Die sondaars moes verskillende soorte offerandes bring om versoening en vergifnis te verkry (*Levitikus 1–7*), maar noudat Jesus gekom het as die volmaakte offer, is die wet van diereoffers ook mee weggedoen (*Heb. 10:17, 18*) as gevolg van die nuwe verbond en die voller openbaring van die verlossingsplan.

**Dink aan die groot aantal dierofferandes wat deur die eeue heen geoffer is en na Jesus vooruitgewys het – en tog kon nie een, of almal, van daardie offers waarlik vir ons sondes betaal nie. Waarom kon slegs die dood van Jesus vir ons sondes betaal?**

---

## 'n Priester vir ewig

**Lees** Hebreërs 7:16. Op grond waarvan het Jesus 'n priester geword?

---

---

Jesus het die priesterskap ontvang op grond van 'n onverganklike lewe, en omdat Hy 'n ewige bediening behou. Die verstommende implikasies hiervan is dat Jesus se bediening nooit in der ewigheid oortref of uitgedien sal word nie. Jesus red volkome, vir ewig, “eens en vir altyd” (*Heb. 7:25, NLV*). Die verlossing wat Jesus voorsien is volkome en finaal. Dit dring deur tot die innig-diepste aspekte van die menslike natuur (*Heb. 4:12, Heb. 9:14, Heb. 10:1-4*). Jesus se bemiddeling as ons Voorspraak voor God behels volle begunstiging wat onder die nuwe verbond gebied word.

Dit beteken ook veel meer as die vergifnis van sondes. Dit impliseer dat die wet in ons harte geskrywe word, dat ons nuwe skepsels word in Hom, en dat die evangelie versprei word oor die wêreld (*Heb. 8:10-12*). As Een met God en met die mensdom, verteenwoordig Hy ons voor die Vader. Jesus, wat Sy lewe vir ons geoffer, gegee het, word met God se ewige guns omstraal.

**Lees** Hebreërs 7:22, (OAB) en antwoord die volgende: Watter rol het Jesus in verhouding tot die nuwe of beter verbond?

---

---

Jesus is die borg van die nuwe verbond omdat God 'n eed afgelê het dat Jesus “vir ewig” 'n priester sal wees (*Heb. 7:21*). Dit is baie maklik om die belangrikheid van hierdie eed mis te verstaan. Paulus het reeds verwys na die eedverklarings (verbonde) van God met die woestyn-geslag en aan Abraham (*Heb. 3:7-11, Heb. 6:13-15*). Die verskil tussen daardie verbonde en die eedswering van God aan Sy Seun, is dat daardie verbonde aangegaan was met sterflinge. Verbonde bly geldig solank die begunstigdes lewend is. God se verbond met die woestyngeslag en Abraham was bindend terwyl hulle bestaan het as 'n woestyngenerasie en afstammeling van Abraham (*lees Gal. 3:29*).

In die geval van die Seun egter, wie se lewe “onvernietigbaar” is, bly God se verbond met Hom geldig vir ewig. 'n Persoon wat borg staan was onderhewig aan dieselfde strafbepaling as die ander persoon vir wie hy borg gestaan het, die doodstraf ingesluit. Nogtans het die Vader sy Seun, Jesus, aanvaar as Borg vir ons deurdat Hy Sy belofte gestand sal doen. Dit is hoe seker ons kan wees van ons verlossing wat ons in Jesus het.

## 'n Priester sonder sondesmet

**Lees** Hebreërs 7:26. Noem die vyf karaktereenskappe van Jesus in hierdie gedeelte.

---

---

Jesus was “heilig.” Dit beteken dat Jesus sonder gebreke was in Sy verhouding met God (*Heb. 2:18; Heb. 4:15; Heb. 5:7, 8*). Die ou Griekse vertaling van die Ou Testament gebruik dieselfde Griekse woord om aan diegene toe te ken wat hulle verbondsverhouding met God en ander handhaaf.

Jesus was “sonder smet.” Hy was rein en onaangeraak deur die bese, alhoewel Hy versoek was soos ons, in “alle opsigte” (*Heb. 4:15, Heb. 2:18*). Jesus se volmaakte sondeloosheid is belangrik vir Sy priesterskap. Die ou verbond het bepaal dat die offerdiere “sonder vlek” moes wees om deur God aanvaar te word as offer (*Lev. 1:3, 10, etc.*). Jesus se volmaakte gehoorsaamheid gedurende sy lewe op aarde het dit moontlik gemaak om Homself as ’n aanvaarbare offer aan God te bied (*Heb. 9:14*).

Jesus was “afgeskeie van die sondaars” toe Hy opgevaar het na die hemel. Die Griekse werkwoord-aanduiding veronderstel dat hierdie ’n teenswoordige gesteldheid vir Jesus is, wat op ’n bepaalde tydstip begin het. Jesus het die vyandigheid van sondaars verduur gedurende Sy aardse bediening, maar Hy het geseëvier en het gaan sit aan die regterhand van God (*Heb. 12:2, 3*). Jesus is ook “afgeskeie van sondaars” in die sin dat Hy nie gesondig het nie (*Heb. 4:15*).

Jesus het “hoër . . . as die hemele geword” (*OAB*). Dit beteken dat Jesus verhoog is bo alles wat bestaan, en daarom is Hy een met God. In die Psalms, is God die Een wat “verhef [is] bo die hemele” (*Ps. 57:6, 11; Ps. 108:5*).

Jesus was ten volle mens, maar Hy was nie ’n sondige mensekind soos ons nie (*Heb. 2:14–16, Heb. 4:15*). Jesus is volmaak, nie alleen omdat Hy nooit gesondig het nie, maar omdat Hy nie toegee het aan die sonde soos ons nie.

Tog, omdat Hy ook ten volle mens was, is Hy ons Voorbeeld en Voleinder. Hy toon aan ons hoe ons die wedloop van die lewe moet deurloop (*Heb. 12:1–4*). Hy is ons Voorbeeld wat ons moet volg (*1 Pet. 2:21–23*). Omdat Hy “heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van sondaars” is (*Heb. 7:26, OAB*), is Hy ons Saligmaker – en ook ons, kan ’n weerspieëling van Sy karakter wees.

**Alhoewel Jesus mens was soos ons, het Hy nooit gesondig nie. Sal ons ooit hierdie wonderbare gedagte ten volle kan verstaan? Dink net hoe heilig Hy moet wees! Dink ook hieraan: Waarom behoort die belofte van Sy heiligheid ons s’n te wees deur geloof wat ons van verlossing verseker?**

---

**Vir verdere studie:** “Christus is alwetend. Hy is bewus van al ons sorge, ons gevare, en ons swaarkry; en Hy vul Sy mond met pleidooie ten gunste van ons. Hy tree in vir elkeen se behoeftes, soos Hy gedoen het in die geval van Petrus . . . Ons Advokaat spreek tot, en onderrig Sy beproefde, lydende kinders om hulle te staal teen die versoekings van Satan. Hy neem elke beweging van die vyand waar. Hy beveel en beskik die gebeure. Ellen G. White, *SDA Bible Commentary*, vol. deel 931 (Briefnr. 90, 1906).[Vrye vertaling]

“Dit was Satan se doel om ewige verwydering tussen God en die mens te veroorsaak; maar in Christus is ons nouer met God verbind as wat ons sou gewees het as ons nooit in sonde beland het nie. Deur ons natuur aan te neem, het die Heiland Hom met die mensdom verbind met ’n band wat nooit verbreek kan word nie. . . . Dit is die waarborg dat God Sy woord gestand sal doen. “Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer.” In die persoon van Sy Seun het God die menslike natuur aangeneem, en Hy het dit die hoogste hemele ingeneem. Dit is die ‘Seun van die mens’ wat saam met die vader op die troon van die heelal sit. Dit is die ‘Seun van die mens’ wat genoem word, ‘Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors’ (*Jesaja 9:5*). Die EK IS is die Middelaar tussen God en mens, want Hy gryp albei aan. Hy wat ‘heilig, onskuldig, onbesmet afgeskeie van sondaars is,’ skaam Hom nie om ons broers te noem nie (*Hebreërs 7:26; 2:11*). In Christus is die aardse gesin met die hemelse gesin verenig. Die verheerlikte Christus is ons broer. Die hemel woon in die mensheid, en die mensheid is opgeneem in die boesem van die Ewige Liefde.”—Ellen G. White, *The Desire of Ages*, ble. 25, 26.

## Vrae vir bespreking:

- ❶ Die eerste aanhaling hierbo sê: “*en Hy [Jesus] vul Sy mond met pleidooie ten gunste van ons.*” Wat beteken daardie belofte vir jou? Dink na oor wat dit ons leer oor God se liefde vir ons. Waarom is hierdie gedagte so bemoedigend? Waarom het ons ’n Voorpraak nodig wat vir ons intree?
- ❷ Die tweede aanhaling hierbo sê: “*in Christus is ons nouer met God verbind as wat ons sou gewees het as ons nooit in sonde beland het nie.*” Wat beteken dit? Hoe kan ons daardie hegte verbintenis ervaar, en watter troos is daar in daardie belewenis? Bespreek in die klas wat hierdie noue verbintenis behels en hoe dit in die praktiese lewe ervaar word.